

Vaktaalrubriek

Leenwoorde en afkortings in die Afrikaanse vaktaal

D.F. Louw

Inligtings- en Navorsingsdienste, WNNR, Pretoria

Vergun my enkele opmerkings oor twee belangrike aspekte wat prof H.G. Denkhuis aangeroei het in sy onlangs gepubliseerde lesenswaardige bydrae¹ oor die Afrikaanse vaktaal vir meganiese ingenieurswese.

1. In die eerste plek verwys ek na prof Denkhuis se opmerkings oor wat hy noem „internasionale uniformiteit” by vakterminologie. Prof Denkhuis noem self twee alternatiewe by die skep van tegniese terme, naamlik die skep van ’n beskrywende term wat volkome by die taal se karakter pas, en daarteenoor die oorneem van ’n term uit ’n vreemde taal, met wysigings in ooreenstemming met die eie taal se spelreëls.

Die oorneem van vreemde woorde kan die voordeel hê dat vakterme in ’n verskeidenheid tale minstens herkenbaar gaan wees. Daar bestaan egter twyfel oor werklik omvattende (internasionale) herkenbaarheid in die breë sin. Die betiteling „internasionaal” in verband met die eenvormigheid (of blote herkenbaarheid) van vakterme is miskien ’n bietjie oordrewe omdat daar meestal aan ’n beperkte verskeidenheid Wes-Europese tale (gewoonlik veral Engels, Frans en Duits) gedink word. Die gedagte van prof Denkhuis dat Afrikaanse artikels, referate en dies meer deur buitelanders begryp kan word as daar by die Afrikaanse terminologie meer van die oorneemstelsel gebruik gemaak word, is waarskynlik te idealisties. ’n Beperkte begrip van die grafiese materiaal baat die wetenskaplike gewoonlik maar min as hy nie die teks self redelik goed kan volg nie. Is dit dan die moeite werd om ter wille van so ’n beperkte voordeel die taal se eie aard geweld aan te doen?

Dit moet beslis as verarmend beskou word as ons Afrikaans sy kenmerkende beskrywendheid ontnem. Dieselfde beswaar sou trouens ook in hoë mate vir Duits geld, in teenstelling met byvoorbeeld Engels wat nie juis beskrywendheid as kenmerk het nie. Neem hier maar as voorbeeld *hefskroefvliegtuig* (teenoor *helicopter* en naas *Hubschrauber*) op die gebied van die meganiese ingenieurswese, of ’n chemieterm soos *mieresuur/formic acid/Ameisensäure*. Veral op die gebied van die geneeskunde het ons in Afrikaans pragtige beskrywende terme soos *slukdermkanker*, *nierskrompeling*, *longontsteking*, *milt- en lewervergroting* en *seninghegting* naas die „internasionaal herkenbare” ekwivalente *esofagiale karsinoom*, *nefrosirroose*, *pneumonitis*, *splenohepatomegalie* en *tenorafie*. Natuurlik

word daar nie daarvoor gepleit dat daar in Afrikaans uitsluitlik termskeppend opgetree moet word nie, maar daar moet tog asseblief nie ’n leenbeleid as doelwit vooropgestel word nie.

Dit is trouens interessant om naas prof Denkhuis se pleidooi vir die oorneem van internasionale terme op te merk dat hy nie aan die leenwoorde *helikopter* en *outogiro* in Afrikaans voorkeur gee nie, maar wel *hefskroewer* en *draskroewer* (as beskrywende terme) voorstel. Hierdie twee voorgestelde terme laat egter ’n te sterk Germanistiese invloed blyk.

Daar word dikwels ’n neiging teengekom om in Afrikaans (asook in Nederlands en Duits) terme uit Engels oor te neem met die argument dat dit internasionale eenvormigheid as gesogte doelwit bevorder. Laat ons ons gerus afvra of dieselfde verskynsel kom in ewe groot mate in Engels sal voordoende indien nuwe begrippe die eerste keer ’n naam in Afrikaans of Duits gekry het. Daar is natuurlik terme soos *zwitterioon* in *zwitter ion* in Engels, asook *dolos* in Engels, maar die Britte is meestal baie gesteld op hul taal se eie aard en op hul skeppingsvernuf. Ons moet as Afrikaanssprekendes nie in die slagyster trap dat ons ons taal se wese geweld aandoen net omdat ons in Suid-Afrika, naas Afrikaans, die wêreldtaal Engels as amptelike taal erken nie.

2. Dieselfde slagyster het op ’n ander gebied reeds vele slagoffers geëis. Dit word weer geopenbaar waar prof Denkhuis ’n pleidooi lewer vir die gebruik van „internasionale” (Engelse!) afkortings vir vakterme. Tot hoe ver sal prof Denkhuis bereid wees om sy argument uit te brei? Moet die beginsel wat hy bepleit net vir afkortings van vakterme geld? Moet dit op alle vakterme van toepassing gemaak word? Indien nie, hoe moet bepaal word watter afkortings „internasionaal” is en watter nie? Tereg kan ’n mens hier praat van die klein jakkalsies wat die wingerd verniel.

Prof. Denkhuis het skynbaar geen beswaar daarteen dat *root mean square* in Afrikaans met *wortel van die gemiddelde kwadraat (waarde)* vertaal word nie, maar hy pleit vir ’n gemeenskaplike afkorting *r.m.s.* Ter ondersteuning van sy pleidooi verwys hy dan daarna dat *laser* (wat ’n akroniem is) net so uit Engels in Afrikaans (en Duits) oorgeneem is.

Daar is inderdaad afkortings en/of simbole wat werklik as internasionaal beskou kan word. Voorbeelde is die SI-eenhede (soos *m* vir *meter*,

KV vir kilovolt en *GHz* vir gigahertz), die simbole vir chemiese elemente (byvoorbeeld *Fe* vir yster, *Bi* vir bismut en *H* vir waterstof), die afkortings vir aminosure en allerlei ander biochemiese verbindings (byvoorbeeld *Ala* vir alanien, *Cys* vir sistien, *DNA* vir deoksiribonukleïenesuur en *DDT* vir dichloordifenieltrichlooretaan), en wiskundige groothede (soos *sec* vir *secans*).

Hierteenoor het ons in Afrikaans op natuurwetenskaplike vakgebiede reeds baie terme wat naas hul Engelse ekwivalente bestaan met eie afkortings in albei tale. Voorbeelde is: *EKG* (vir *elektrokardiogram* naas *ECG* (vir *electrocardiogram*); *KMR* (vir *kernmagnetiese resonansie*) naas *NMR* (vir *nuclear magnetic resonance*); *GS* (vir *gelykstroom*) naas *AC* (vir *alternating current*); *KGV* (vir *kleinste gemene veelvoud*) naas *LCM* (vir *lowest common multiple*); en *BSB* (vir *biologiese suurstofbehoefte*) naas *BOD* (vir *biological oxygen demand*). Hierdie voorbeelde kan trouens vergelyk word met die tendens in die algemene spreektaal soos dit voorkom by *SAUK/SABC*, *WNNR/CSIR*, *OAE/OAU* en *OPUL/OPEC* waar ons met letterafkortings en akronieme te doen het.

In die lig van die voorgaande kan 'n mens jou wel afvra waarom *vloeibare petroleumgas* liever tot *LPG* (van *liquid petroleum gas*) as tot *VPG* afgekort behoort te word. Ook kan tog liever *EMK* as afkorting vir *elektromotoriese krag* gebruik word as *EMF* (van *electromotive force*). Net so behoort *WGK* (en nie *w.g.k.* nie) bo *RMS* (en nie *r.m.s.* nie) verkies te word as afkorting vir *wortel van die gemiddelde kwadraat*.

Afrikaanssprekende natuurwetenskaplikes moet onthou dat hul moedertaal in Suid-Afrika nog steeds – miskien in toenemende mate op die vakgebied, en derhalwe as taal tussen ander tale – enersyds in 'n oorlewingsstryd (teen 'n wêreldtaal, Engels) gewikkel is. Andersyds moet daar onverpoosd aan Afrikaans

gebou word om dit as 'n volwaardige Westerse taal naas ander wêreldtale te laat pryk en dit nie te laat verskraal tot 'n taaltjie waarin net oor koetjies en kalfies gesels kan word nie. Afrikaans, ons pèrel van groot waarde, moet nie in sy ontplooiing as 'n wetenskapstaal deur Afrikaanssprekende wetenskaplikes se laksheid, of deur hul oortoeskietlikheid teenoor ander tale, van sy glans beroof word nie.

Wanneer die Afrikanerwetenskaplike met ander-talige kollegas wil kommunikeer, kan en sal hy hom dikwels van Engels bedien (veral indien vertaal-en/of tolkgeriewe nie beskikbaar is nie). As hy egter mondelings of skriftelik met taalgenote wil kommunikeer, is daar nie regverdiging vir die gebruik van terme of afkortings in ander tale nie. Dan moet sy skeppingsvernuif tot uiting kom en behoort sy taaltrots hom tot taalsuiverheid te motiveer.

In ons poging om ons taal edel en suiwer te hou, behoort ons onder andere die beginsels² te erken dat ons (a) verkieslik Afrikaanse terme skep in ooreenstemming met ons taal se aard en (b) verkieslik die Afrikaanse terme as uitgangspunt neem by die aflei van afkortings.³ Op hierdie terrein sal ons graag staatmaak op die ondersteuning van verafrikaanste immigrante uit ons Dietse stamlande, want juis hulle kan ons moedertaal uit die taalskatte van ons voorvaders help versterk.

VERWYSINGS

1. Denkhaus, H.G. (1984). Gedagtes oor die Afrikaanse Vaktaal vir Meganiese Ingenieurswese, *S. Afr. Tydskr. Natuurwet. en Tegnol.*, 3, 6-8.
2. Hierdie sentimente word onderskryf in die ongepubliseerde aanbevelings van 'n werkkomitee wat deur die SABS saamgestel is. Die komitee se aanbevelings onder die opskrif „Rasionalisasie van die afkortpraktyk in Afrikaans” is reeds vir oorweging aan die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voorgelê. Kyk ook opmerkings in *SABS-Bulletin*, 3, 18-19 (1984).
3. Nelson, H.D. (1982). Afrikaanse terminologie – probleme van en 'n uitdaging vir die analitiese chemikus, *S. Afr. Tydskr. Natuurwet. en Tegnol.*, 1, 112-113.

Fisikaterme

Nicoline Basson

Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium, WNNR, Pretoria

Sedert die verskyning van die tweetalige Fisikawoordeboek wat deur die Vaktaalburo in 1977 uitgegee is, het die Fisikawoordelys-medewerkerkomitee talle aanvullende terme versamel. Sommige bestaande terme is uitgebrei en ander is van alternatiewe of beter vertalings voorsien.

Hieronder verskyn 'n lys van aanvullende of gewysigde terme waaroor die komitee tot dusver (Julie 1984) ooreenstemming bereik het en wat mettertyd aan die Vaktaalburo voorgelê sal word om in 'n volgende uitgawe van die woordeboek opgeneem te word. Intussen kan hierdie lys as 'n tentatiewe aanvullende lys tot die Fisikawoordeboek gebruik word.

LET WEL: 1) Die lys is nog nie-amptelik en lesers word versoek om konstruktiewe kommentaar asook waar

moontlik verdere aanvullende fisikaterme aan die skrywer te stuur.

- 2) Die +-teken voor 'n term beteken dat die woord reeds in die woordeboek vervat is, maar dat 'n toevoeging gemaak word.
- 3) Die -teken voor 'n term beteken ook dat die woord reeds in die woordeboek is, maar dat die term self of die vertaling daarvan vervang word.
- 4) Drukfoute wat in die Fisikawoordeboek voorkom, word nie in hierdie lys aangegee nie.

abrasivity n.	skuurvermoë
absolute convergence	absolute konvergensie
+ accrete v.	1. aangroei, <i>aanset</i> 2. saangroei
accretion n.	aangroeiing, aansetting
- accretion process	aansetproses
- accretion rate	aansettempo
+ action n.	3. werking (bv. <i>chem. en meganika</i>)
action-angle variable	aksiehoek-veranderlike, werkingshoek-veranderlike
action-reaction pair	aksie-reaksiepaar
actual mechanical advantage	werklike hefvoordeel (by masjiene)
+ addition n.	1. byvoeging, <i>toevoeging</i> (alt.)
+ aerodynamics n.	aërodinamika, <i>lugdinamika</i> (alt.)
affine connection	affiene verband
affine geometry	affiene meetkunde
+ aggregation n.	agregasie, saambondeling, <i>saampakking</i> (alt.)
angle of inclination	hellingshoek, inklinasiehoek
angle of sight	sighoek
+ angular momentum	draaimomentum, <i>hoekmomentum</i> (alt.)
anti-analogue state	anti-analoogtoestand
antinode n.	antinode, buikpunt
anti-unitary operator	anti-unitêre operator
apolune n.	apoluun, vermaanpunt (<i>sterrekunde</i>)
apparent coefficient of expansion	skynbare uitsettingskoeffisient
arc atmosphere (<i>spectroscopy</i>)	boogatmosfeer
arc chamber	boogkamer
arc climbing	boogklim
arc column	boogkolom
- arc fall i.p.v. arc-drop loss	boogval
+ arc gap	booggaping, <i>boogstrek</i> (alt.)
arc wandering	boogdwaal
asthenosphere n. (<i>geol.</i>)	astenosfeer
- atomic scattering factor	atoomstrooifaktor (nie atoomverstrooifaktor)
attachment energy	hegenergie
average v.	middel
averaging	middeling
- austenitic steel	austenietstaal (nie oustenietstaal)
auxiliary discharge	hulpontlading
auxiliary plasma gas	hulpplasmagas
auxiliary spark gap	hulpvonkstrek
+ bcc (body-centred cubic)	bsk, binnesentries kubies; <i>rsk, ruimsentries kubies</i> (alt.)
basal metabolic rate	basaalmetabolismesnelheid, basaalmetabolisitempo
back bending	terugbuiging (<i>kernfis.</i>)
background correction	agtergrondkorreksie
background suppression	agtergrondonderdrukking
back-stress effect	truspanningseffek
barostat n.	barostaat
baryon number	bariongetal
base frequency	grondfrekwensie
- beam splitter (<i>opt.</i>)	bundeldeler, straledeler (nie bundelsplitser)
becquerel (Bq)	becquerel, Bq
beta-delayed transition	betavertraagde oorgang
+ bin	3. vak
biomechanics n. (<i>kinesiologie</i>)	biomeganika (<i>kinesiologie</i>)
black hole (<i>astron.</i>)	swartgat (<i>sterrekunde</i>)
bleed v. (<i>spectroscopy</i>)	lek (<i>spektroskopie</i>)
+ blooming n. (<i>metall.</i>)	3. blomming (<i>metall.</i>)
bond chain	bindingsketting
boronise v.	boreer

breadboard n.	poogbord
broken bond	verbreekte binding
buffer n. 3. (buffer memory)	buffergeheue, tussengeheue
buffered arc (<i>spectroscopy</i>)	gebufferde boog
+ bulk density (volume density)	1. <i>hoopdigtheid</i> 2. volumedigtheid
bulk relative density	relatiewe hoopdigtheid
buoyant force	vlotkrag
burning spot	brandkol
burning voltage (potential difference)	brandspanning (potensiaalverskil)
calibrator n.	1. kalibrator (apparaat)
canonical commutation rule	2. yker (persoon)
capacitively coupled plasma	kanoniese ruilreël
cascade hyperon	kapasitiefgekoppelde plasma
centre of momentum	kaskadehiperon, sigma-deeltjie
charge coupling device	momentummiddelpunt
charm n. (<i>particle phys.</i>)	ladingskoppeldoestel
charmonium n. (<i>particle phys.</i>)	sjarmer (<i>deeltjiefis.</i>)
chromise v.	sjarmonium (<i>deeltjiefis.</i>)
chromising	verchrom
close binary (<i>astron.</i>)	verchroming
closed-shell nucleus	digbydubbelster (<i>sterrekunde</i>)
+ cloud chamber	gesloteskil-kern
cloud seeding	newelkamer, <i>wolkkamer</i> (alt.)
CNO cycle	wolkbestrooiing
coalescence n. (<i>thin films</i>)	CNO-siklus
coast v.	samevloeiing (dun lagies)
+ coefficient of kinetic friction	1. afloop (<i>reaktor</i>)
coefficient of volume expansion	2. vryloop
- coercive force	glywrywingkoëffisiënt, <i>kinetiesewrywing-koëffisiënt</i>
- coercivity n.	volume-uitsetkoëffisiënt
collector amplifier	koërsiewe krag (nie dwingkrag)
common-mode rejection ratio	koërsiwiteit (nie dwingbaarheid)
compatible variables	kollektorversterker
completely inelastic collision	gemeenskaplike modusverwerpverhouding
+ compressive strain	versoenbare veranderlikes
tensile strain	volkome onelastiese botsing
yield strain	1. drukvervorming
compressive strength	2. drukvervormingsgraad
Compton edge	1. trekvervorming
conduction band edge	2. trekvervormingsgraad
conserved vector current hypothesis (CVC hypothesis)	1. vloeivervorming
constructive interference	2. vloeivervormingsgraad
+ contact angle	druksterkte
contact force	Compton-kant
contact transformation	geleibandkant
continuous growth	vektorstroombehoud-hipotese
convolute/convolve v.	(CVC-hipotese)
convolution n.	versterkende interfensie
- continental drift (<i>geol.</i>)	<i>kontakhoek</i> (alt.), raakhoek
corrosion layer	kontakkrags
corrugation n.	kontaktransformasie
corundum n.	kontinue groei
cosmological constant	vou
count down	1. vouing (handeling)
	2. vouprodukt (resultaat)
	vastelanddryf (nie drif)
	korrosielaag
	riffel
	korund
	kosmologiese konstante
	aftelling

CPT conservation	CPT-behoud
CP violation	CP-verbreking
critical nucleus	kritieke kern (<i>kristalgroei</i>)
crosswire (graticule) (reticule)	kruisdraad
± cusp	1. spits (nie boogspits)
	2. kelk (<i>magnetosfeer</i>)
polar cusp	poolkelk
cusped lobes (<i>hail stone</i>)	keeplobbe (<i>haelsteen</i>)
cut on	aansny
cut-on value	aansnywaarde
cyan	siaan
cyanogen molecular bands	siaanbande, molekulêre siaanbande
dangling bonds	loshangende bindings
decant v.	afgiet, afskink, dekanteer
decimet, decuplet	dekuplet
deconvolution n.	ontvouing
de-emphasis (<i>acoust.</i>)	ontskerping
deep inelastic scattering	dieponelastiese strooiing
degeneracy pressure	ontaardingsdruk
+ degradation n.	degradering (alg.)
	1. afbreking (bv. van molekule)
	2. verlaging (bv. van eienskappe)
	3. vermindering (bv. van energie)
degrade v.	1. afbreek (bv. van molekule)
	2. verlaag (bv. van eienskappe)
	3. verminder (bv. van energie)
delta connection	deltaskakeling
density of state	toestanddigtheid
depletion layer thickness	sperlaagdikte
destructive interference	verswakkende interferensie
differential thermal analysis (DTA)	differensiële termiese analise (DTA)
diffraction contrast	diffraksiekontras
digitise v.	versyfer
digitiser n.	versyferaar
dimensional analysis	dimensionele analise
+ dimensional change	dimensionele verandering, <i>maatverandering</i> (alt.)
diproton	diproton
dislocation decoration	ontwrigtingsdekorasie
dislocation double image	ontwrigtingsdubbelbeeld
dislocation edge	ontwrigtingskant
dislocation (incomplete)	onvolledige ontwrigting
dislocation line tension	ontwrigtingslynspanning
- dislocation node	ontwrigtingsknoop (nie knooppunt)
dislocation (perfect)	volledige ontwrigting
dislocation screw	ontwrigtingskroef
dislocation source	ontwrigtingsbron
dislocation stress field	ontwrigtingsspanningsveld
dispersion surface	dispersievlak
+ dissipate v.	3. wegkwyn (van 'n stormsel)
dissipative adj.	verkwistend (alt. in alle gevalle)
dissonance n.	dissonansie
distribution constant	verdelingskonstante
+ divide v. 1.	1. deel
2. (partition)	2. verdeel
3. (separate)	3. skei
dividing surface	skeivlak
doulbe-hump barrier	tweeboggelwal
downdraught (<i>meteorol.</i>)	valstroom
drag reduction	sleurvermindering
drain n.	ontvanger (by veldeffektransistor)
+ drift n. (1)	2. dryf (geleidingselektrone, geol.)

doubly-closed shell	3. dwaal (bv. frekwensie) dubbelgeslote skil
ejectile n.	uitskietdeeltjie
electric conductivity	elektriese geleivermoë
electrodeposition	elektroneerslag
electroless deposition	nie-elektriese neerslag
emerge v.	uittree
emergency shutdown (scram)	blussing, noodafsluiting
ensemble n.	ensemble, versameling
end-on	entaansig
energy dispersive analysis	energiesdispersie-analise
+ energy dispersive spectrometer	<i>energiesdispersiespektrometer</i> (alt.)
+ engine n.	enjin, <i>masjien</i>
equilibrant n.	ekwilibrant, ewewigsvektor
equilibration n.	1. ewewigbereiking 2. ewewigbepoelstelling
equilibrium form	ewewigsvorm
equimolecular surface	ekwimolekulêre vlak
error bar	foutstreep
error of commission	opdragfout
error of omission	versuimfout
eta meson	etameson
ethanol n.	etanol
exajoule (EJ)	eksajoule, EJ
+ excess pressure (in <i>surface tension</i>)	oordruk, <i>oormaatdruk</i> (alt.)
excimer n.	eksimeer
exciting head	opwekkop
expansion joint	uitsetvoeg
extinction contrast	uitdoofkontras
extreme relativistic limit	uiters relatiwistiese limiet
+ Fermi golden rule	Fermi se goue reël, <i>Fermi-reël</i> (alt.)
fill gas (carrier gas)	draergas
first forbidden transition	enkelverbode oorgang
± fitting n.	2. passtuk (attachment, auxiliary) 3. paswerk 4. toebehoorsel (mv. toebehore, toebehoorsels)
(lamp/light fitting)	blitsverdamper
flash evaporator	blitsverdamping
flash evaporation	drywende frekwensie
floating frequency	vlotsone-smelttegniek
float-zone melting technique	kragkonstante
force constant	positiewe voorspanning (teenoor negatiewe voorspanning)
forward bias (as opposed to reverse bias)	positief voorgespanne
forward biased	vry-elektronteorie
free electron theory	vryswewend
freely suspended	
gain switching (<i>lasers</i>)	winsskakeling (<i>lasers</i>)
gamma camera	gammakamera
garnet n.	granaat
gauge block (slip gauge)	entmaat, ykblok
gauge field	ykveld
Gaussian unit	Gauss-eenheid
geochronology n.	geochronologie
gettering n.	gasbinding
gimbal(s)/gymbal(s) n. (<i>horol.</i>)	beuel(s)
gimbal mount (<i>instrum.</i>)	beuelmontasie, beuelmontering
+ glaze n.	2. glasys (<i>hael</i>)
gluon n.	gluon (<i>deeltjiefis.</i>), mv. gluone
G-parity	G-pariteit

– grand canonical ensemble	groot kanoniese versameling
gravimeter n.	gravimeter
+ gravitational collapse	gravitasie-ineenstorting, <i>swaartestorting</i> (alt.)
gravitational contraction	gravitasiekrimping, swaartekrimping
+ gravitational mass	gravitasiemassa, <i>swaartemassa</i>
gravitational radiation	gravitasiestraling, swaartestraling
gravitational radius (<i>Schwarzschild radius</i>)	gravitasiestraal, <i>swaartestraal</i> (<i>Schwarzschild-straal</i>)
gravitational wave	gravitasiegolf, swaartegolf
gravitino n.	gravitino
+ gravity (gravitation)	gravitasie, swaartekrag
grazing angle	skramhoek
ground-based radar	grondradar
ground truth (<i>remote sensing</i>)	terplaatsemeting(s), terplaatsewaarde(s), terplaatsewaarneming(s)
growth form	groeipatroon, groeivorm
growth hill	groeiheuwel
growth rate	groeitempo
guest phase	kuierfase
hard sphere scattering	hardepitstrooiing
hard vacuum	hoogvakuum
hardwired logic	vasbedrade logika
harmonic sequence	harmoniese ry
– head-on collision	tromp-op-botsing (nie kop-aan-kop botsing)
hearing acuity	gehoorskerpthe
+ heat engine	hitte-enjin, <i>hittemasjien</i> (alt.)
+ heat sink	3. hitesink (<i>termodinamika</i>)
heavy ion physics	swaarioonfisika
hexad ion (axis)	heksade
hole concentration (<i>solid state</i>)	holtekonsentrasie (<i>vaste toestand</i>)
hole state	holtetoestand
host phase	gasheerfase
hydrophilic (part of a detergent)	hidrofiel, hidrofilies, watersoekend
hydrophobic (part of a detergent)	hidrofoob, hidrofobies, waterwykend
hydrothermal growth	hidrotermiese groei
hypernucleus n.	hiperkern
icicle lobe	keëllob (haelsteen)
identity operator	identiteitsoperator
+ ignite	2. <i>ontbrand</i> (alt.), ontsteek
+ illuminant	illuminant (sinoniem vir 1 verligtingsbron en 2 verligtingsmiddel)
impedance matching	impedans(aan)passing
impedance mismatch	impedanswanpas
induction time	induksieduur
inductively coupled plasma	induktiefgekoppelde plasma
inertial frame	traagheidstelsel
infrasonic adj.	infrasonies
inner potential	binne-potensiaal
instanton n.	instanton
interacting adj./pres. part.	wisselwerkende
+ interference fringe	<i>interferensieband</i> (alt.), interferensierand
intermediate boson (intermediate vector meson)	tussenboson
internal combustion engine	binnebrandmasjien
+ interplanar spacing	<i>intervlakspasiëring</i> (alt.), tussenvlakspasiëring
intersecting storage ring	snyhouring (<i>kernfis.</i>)
inviscid	viskositeitsloos
ion pump	ioonpomp
irreducible tensor	onreduseerbare tensor
isochoric adj.	isochories
isochronic process	isochroonproses
isoformation n.	isofomasie

isopropanol n.	isopropanol
isospin impurity	isospinonsuiwerheid
jet technique (in <i>nucleation</i>)	sputtegniek (in <i>kernvorming</i>)
+ jig	3. setraam
junction diode (<i>electronics</i>)	sperlaagdiode
knurled knob (<i>micro.meter screw</i>)	kartelkop
labelled isotope	gemerkte isotoop
ladder operator	klimoperator
lase v.	laas
lasing threshold	laasdrumpel
latent heat of evaporation	latente verdampingswarmte
least count (of eg. a <i>micrometer screw</i>)	kleinste verdeling
lepton number	leptongetal
ligand n.	ligand
lineament	lynstruktuur
line scan	lynskandering
listing n.	lysting (rekenaar)
lithosphere n.	litosfeer
+ log v.	1. <i>opname maak</i>
	2. aanteken, <i>opteken</i>
	3. <i>sondeer</i>
logging n.	1. opname
	2. optekening
	3. peiling, sondering
low angle boundary	kleinhoekgrens
lowering operator	afklimoperator
lubricating fluid	smeervloeistof
macrostate	makrotoestand
magnitude of a vector	vektorgrootte
main sequence	hoofreeks (<i>astrofis.</i>)
+ measure n.	2. maatreël
measure theory	maatteorie
mechanical advantage (advantage factor)	hefvoordeel
melt growth	smeltgroe
metabolic rate	mataboliese tempo
metrologist n.	metroloog
microstate	mikrotoestand
- midocean ridge	midseerif (nie midseerant)
miniaturise v.	miniatureer
+ mode of vibration	vibrasiemodus, <i>vibrasiewyse</i> (alt.)
+ Monte Carlo method	<i>dobbelmetode</i> (alt.), Monte Carlo-metode
morphological stability	morfologiese stabiliteit
muffin tin potential	kolwynpanpotensiaal
multi-flash photograph	meerflitsfoto
narcissus effect (<i>optics</i>)	byrefleksie, narcissus-effek
neutral current	neutrale stroom (<i>deeltjiefisika</i>)
neutronisation n.	neutronisering
+ node n.	knooppunt, <i>node</i> (alt.)
non-ferrous	nie-ferro-, nie-ysterhoudend
non-particulate activity	nie-stofgedrae aktiwiteit
non-peripheral collision	nie-rand-botsing
nuclear decay	kernverval
ocean floor spreading (<i>geol.</i>)	seevloerverbreiding
open sector cyclotron	oopsektorsiklotron
operation of observation	waarnemingshandeling
operational definition	operasionele definisie

optical pumping	optiese pumping
orbiting satellite	wentelsatelliet
orientation contrast	oriëntasiekontras
osmolality n.	osmolaliteit
+ output n. (<i>acoust.</i>)	4. uitstraling (bv. klankgeraas)
+ (<i>lasers</i>)	5. opbrengs
overstability n.	oorstabiliteit
PN-boundary	PN-grens
parastatistics n.	parastatistiek
+ particle 1.	1. deeltjie (alg.)
particle 2. elementary particle	2. deeltjie, elementêre deeltjie, kerndeeltjie
particle 3. dust particle	3. stofdeeltjie
particle beam	deeltjebundel
- particulate activity	stofgedrae aktiwiteit (nie stofdeeltjieaktiwiteit)
pattern noise	patroonruis
payload n. (<i>rock, balloon</i>)	drag (<i>vuurpyl, ballon</i>)
pedestal growth technique	voetstukgroei-tegniek
pelletron n.	pelletron
pendulum bob	slingerbol
perilune n.	periluun, nabymaanpunt (<i>sterrekunde</i>)
peripheral collision	randbotsing
petagram (Pg)	petagram, Pg
phasor n.	fasor, rotor
phoswich n.	foslaag
photochromic adj.	fotochromies
photochromic glass	fotochromglas
- plane strain	vlakvervorming (nie vlakkige vervorming)
plane stress	vlakspanning
PN junction	PN-sperlaag
PNP transistor	PNP-transistor
practicability	uitvoerbaarheid
practicality	praktiese uitvoerbaarheid
precompound process	voortussenkernproses
prespark curve	voorvonkkromme
propanol n.	propanol
psychophysics	psigofisika
pulley n.	katrol
pulley system, tackle	takel
Q-switch n. (<i>lasers</i>)	Q-skakelaar
quantum chromodynamics (QCD)	kwantumchromodinamika (QCD)
quantum electrodynamics (QED)	kwantumelektrodinamika (QED)
quark flavour	kwarkgeur
radappertisation (<i>biophys.</i>)	radappertisering
radicitation (<i>biophys.</i>)	radisidering
radurisation (<i>biophys.</i>)	radurisering
raising operator	opklimoperator
rake angle	helhoek
ramp n.	1. afrit
	2. oprit
	3. oploop (<i>reaktor</i>)
	4. stygfunksie (<i>elektronika</i>)
ramp generator	stygfunksiegenerator, saagtandgenerator
randomise v.	ewekansig maak
rapidity n.	ratsheid (<i>deeltjiefis.</i>)
rate constant	tempokonstante
rebound v.	terugspring
reference line	verwysingslyn
reflected reactor	kaatsreaktor
reggeise	reggeïseer (<i>deeltjiefis.</i>)
Regge trajectory	Regge-baan

relay lens
 remotely coupled
 remote sensing
 + resolution n.
 reverse bias voltage
 revolution paraboloid
 return beam
 rhombohedral adj.
 rime
 riming
 rotating head (of a *micrometer screw*)

seeding signature (*meteorol.*)
 scale of equal temperament
 scaling law
 + scan n.
 + scan v.
 + scanning electron microscope (SEM)

scattering vector (*crystallogr.*)
 sea floor spreading
 sea truth
 second-forbidden transition
 second order transition
 segregation coefficient
 self-conjugated nucleus
 self-similarity
 side-on adj.
 sifter electrode
 signal generator
 signature n.
 sliding spark
 slinky spring
 soft pion limit
 soliton n.
 sonic boom
 sorb v.
 - spark gap
 spectral radiance
 spherical cap model
 spiking solution
 spray discharge
 starquake
 stereo-optics n.
 + sticking probability
 storage ring
 stress birefringence
 subsystem n.
 superallowed transition
 supergravity n.
 superheavy element
 supernova n.
 superpose (superimpose) v.
 supersymmetry n.
 superweak interaction
 surface-delta interaction
 surface diffusion
 surface force
 surface roughening

surface spark (see sliding spark)
 - surface tension

oordraglens
 afstand-gekoppel
 afstandswaarneming
 3. oplosvermoë
 truvoorspanning
 omwentelingsparaboloïed
 terugkeerbundel
 romboëdraal
 rym (*haelsteen*)
 ryming (*haelsteen*)
 draaikop

bestrooistempel (*weerkunde*)
 skaal van gelykswewende tempering
 skaalwet
 aftasbeeld, *skandeerbeeld* (alt.)
 aftas, *skandeer* (alt.)
 aftaselektronmikroskoop, *skandeerelektronmikroskoop*, SEM
 verstrooivektor
 seevloerverbreiding
 (soos vir ground truth)
 dubbelverbode oorgang
 tweedeorde-oorgang
 skeikoëffisiënt, segregasiekoëffisiënt
 selftoegevoegde kern
 selfgelykvormigheid
 syaansig nw.
 sifelektrode
 seingenerator
 kenteken
 skuifvonk
 slankveer
 sagte pionlimiet
 soliton
 klankgrensknal
 sorbeer
 vonkstrekk (voorkeur alt.)
 spektraalradiansie
 bolkapmodel
 soutingsoplossing
 sproei-ontlading
 sterskudding
 stereo-optika
kleefkans (alt.), kleefwaarskynlikheid
 houring (*kernfis.*)
 spanningsdubbelbreking
 subsisteem
 supertoegelate oorgang
 superswaartekrag
 superswaarelement
 supernova
 superponeer
 supersimmetrie
 superswak wisselwerking
 oppervlakdelta-wisselwerking
 oppervlakdiffusie
 oppervlakrag
 1. oppervlakrofmaking
 2. oppervlakrofwording
 oppervlakvonk
 oppervlakspanning (nie oppervlakspankrag)

+ surge n. 3	stuvlam (son)
+ surveyor	1. <i>landmeter</i>
	2. <i>opmeter</i>
tandem gap	tandemstrek
+ tangent screw	<i>kruipskroef</i> (alt.), <i>raaklynskroef</i>
+ tension (in state of . . .) (not pressure)/tensile force/tensive force	1. <i>spankrag</i> , <i>trekkrag</i> (alt.)
+ terminal n.	1. <i>aansluiter</i> (<i>elektr.</i>)
	2. <i>eindpunt</i> (<i>alg.</i>)
	3. <i>pool</i> , <i>terminaal</i> , (<i>versneller</i>)
tetrad n. (axis)	tetrade
thermogram n.	termogram
thermography n.	termografie
- theta pinch	tetaknyp (nie tetaknypstuk)
thin film	dunlagie
thin film optics	dunlaagoptika
- time dilatation	tydrekking (nie tydultrekking)
+ torque n. 1.	1. <i>wringing</i> , <i>wringkrag</i>
n. 2. moment of rotation, turning moment	2. <i>draaimoment</i>
v. 1.	1. <i>wring</i>
2. torque-tighten	2. <i>wringdraai</i>
+ transient n.	<i>onbestendigheidsverskynsel</i> (alt.), <i>oorgangsverskynsel</i> , <i>verbygaande verskynsel</i> (alt.), <i>wegsterferskynsel</i> (alt.)
- transient solution	<i>wegstefoplossing</i> (kernfis.) (nie <i>vebygaande oplossing</i>)
+ transient state	<i>onbestendigheidstoestand</i> (alt.), <i>verbygaande toestand</i> , <i>wegsterftoestand</i> (alt.)
transport rate	1. <i>transporttempo</i>
	2. <i>vervoertempo</i>
triad (axis)	triade
triggerable stationary gap	ontlaaibare stasionêre strek
trigonal	trigonaal
true coefficient of volume expansion	ware volume-uitsetkoeffisiënt
truth table	stel-en-heftabel, <i>waarheidstabel</i>
umbilical chord (space travel)	<i>ruimstring</i> (<i>ruimtevaart</i>)
+ uncertainty principle	<i>onbepaaldheidsbeginsel</i> (alt.), <i>onsekerheidsbeginsel</i> , <i>onskerpheidsbeginsel</i> (alt.)
+ uncertainty relation	<i>onsekerheidsverband</i> , <i>onskerpheidsverband</i> (alt.)
unconstrained adj. (past part.)	<i>onbeperk</i>
updraught n.	<i>stygstroom</i>
vacuum cup electrode	<i>kapillêredop-elektrode</i>
valence band edge	<i>valensbandkant</i>
Veroboard n. (electronics)	<i>Verobord</i> (<i>elektronika</i>)
viscous drag	<i>viskeuse sleur</i> (ing)
voltage gain	<i>spanningswins</i>
voltage stabiliser	<i>spanningstabiliseerder</i>
voltametry n.	<i>voltametrie</i>
volume diffusion	<i>volumediffusie</i>
waterproof adj.	<i>waterdig</i>
wheel and axle (windlass)	<i>windas</i>
wick electrode	<i>lintelektrode</i>
working substance	<i>werkstof</i>
zonal development	<i>sone-ontwikkeling</i>
zone levelling	<i>sonenivellering</i>
zone melting technique	<i>sonesmelttegniek</i>